# OM GEMEENSKAPPE BETROKKE TE KRY VOOR, TYDENS EN NA BRANDE

**DIT IS BAIE BELANGRIK DAT DIE GEMEENSKAP BETROKKE IS WANNEER DAAR GEPOOG WORD OM BRANDVEILIGHEID VIR INFORMELE NEDERSETTINGS OF AGTERPLAASWONINGS TE VERBETER.**



Om toegang tot brandveiligheidsopleidingsmateriaal te kry: video's en brosjures (bit.ly/3ENVYUn) en gidsboek (http://hdl.handle.net/10019.1/108926)

## HOE OM GEMEENSKAPPE BETROKKE TE KRY

Selfs die wêreld se vinnigste brandweerwa, met sy bemanning gereed en 'n paar kilometer weg van 'n agterplaaswoning of informele nedersetting, sal nie vinnig genoeg wees om by 'n voorval uit te kom om die mense in die huis waar 'n brand ontstaan, te red nie. Die plaaslike gemeenskap sal altyd 'n sleutelrol speel in alle aspekte van brandveiligheid.

## BEGINSELS VAN GEMEENSKAPS-BETROKKENHEID




Baie verskillende belanghebbendes behoort by enige soort gemeenskapsbetrokkenheidsprosesse deel te neem. Dit is nuttig om aan hierdie belanghebbendes as vingers op 'n hand te dink, soos hier getoon - hulle is gekoppel en almal is noodsaaklik as die hand doeltreffend wil funksioneer. Hulle sluit in:

- Plaaslike inwoners.
- Plaaslike leiers (van amptelik verkose Wyksraadslede tot meer informeel aangestelde grondvlakleiers).
- Staatsdepartemente (veral die brandweerdepartment).
- Gemeenskapsgebaseerde organisasies (GGO's), NRO's en geloofsgebaseerde organisasies.
- Oorweeg dit ook om enige ander organisasies wat reeds in 'n spesifieke gemeenskap werk, te betrek.

## DIE SAMEWERKINGS PROSES

Daar is verskeie belangrike stappe om gemeenskappe by brandveiligheid te betrek.

### BESTEKBEPALING

Voordat jy by enige gemeenskap betrokke raak, is dit noodsaaklik om basiese agtergrondnavorsing te onderneem, waarna verwys word as 'bestekbepaling'.

### BETREKKING VAN PLAASLIKE LEIERS EN TOEGANG TOT AREAS

Deelnemings prosesse is stadig, neem tyd om op te stel en kan nie gehaas word nie. Buitestanders tot die gemeenskap moet altyd begin deur toegang te onderhandel en 'n vertrouensverhouding op te bou.

### AANNEMENING VAN 'N HOLISTIESE BENADERING

Enige ingryping moet die maatskaplike, fisiese en ekonomiese ontwikkelingsbehoeftes van inwoners aanspreek.

### MONITERING VAN UITKOMSTE

Naspoor van projekuitkomste is van kritieke belang vir die dokumentering van die suksesse wat behaal is en die identifisering van tekortkominge. Bly betrokke by die gemeenskap oor die langer termyn.

## WENKE OM MET GEMEENSKAPPE TE PRAAT

### WEES VERSIGTIG WANNEER GEMEENSKAPSLEDE GEIDENTIFISEER EN BETREK WORD

Die identifisering van die regte mengsel van gemeenskapsbelanghebbendes is uiters belangrik.

### VERWAG SOSIALE SPANNING EN DIE MOONTLIKHEID VAN KONFLIK

Werklike deelname en verandering kan die waarskynlikheid van konfrontasie en konflik tussen die met mag en die met minder mag en tussen verskillende groepe verhoog.

### OM 'N ONDERSTEUNENDE FASILITEERDER TE WEES – NIE 'N 'EXPERT' NIE

Effektiewe gemeenskapsbetrokkenheid vereis 'n verskuiwing van onderrig na leer. Mense het 'n baie goeie begrip van die kwessies wat hulle in die gesig staar en idees oor hoe om dit aan te spreek.

## UITDAGINGS WANEER BRANDVEILIGHEID BESPREEK WORD

- Gemeenskappe verander voortdurend met mense wat vertrek en aankom.
- Bevolkings groei vinnig.
- 'n Gemeenskap bestaan uit baie verskillende groepe mense. Kultuur, taal, geslagsverskille en dominante stemme kan tot verdeeldheid lei.
- Huis 'ienaarskap' kan kompleks wees. Mense kan informele en agterplaaswonings verhuur, wat beteken dat verhuurders aansienlike mag kan hê.

# HOE OM GEMEENSKAPS-BEHOEFTES TE VERSTAAN

Hieronder is 'n paar van die behoeftes en uitdagings wat gemeenskapslede daagliks in die gesig staar:

1. Sekuriteit en misdaad.
2. Indiensneming en voedselsekerheid.
3. Skoolonderrig en kindersorg.
4. Gesondheid en sanitasie.
5. Vloede en ander natuurrampe.
6. Elektrisiteitsvoersiening.
7. Brande (as 'n prioriteit sal dit op en af in 'n lys beweeg, dikwels afhangende van hoeveel brande 'n gebied ervaar).

’n Brandveiligheidstoestel, soos ’n rookalarm wat R150 kos, is dalk nie ‘n prioriteit vir ’n gesin wat sukkel om kinders kos te gee nie en wie gereeld misdaad ervaar. Gevolglik is holistiese intervensies nodig. Holistiese brandveiligheid kan ook beteken om saam met ander organisasies soos maatskaplike werkers, gesondheidswerkers, geloofsgebaseerde organisasies en GGO's te werk. Deur hierdie organisasies kan dit moontlik wees om hoërisiko-huise of areas te identifiseer wat in terme van brandveiligheidsintervensies geprioritiseer kan word.





# GEMEENSKAPS-BETROKKENHEID

Die volgende is spesifieke aktiwiteite wat inwoners voor, tydens en na 'n voorval kan onderneem. Inwoners mag op geen stadium aktiwiteite onderneem wat hulself in gevaar sou stel nie. Brande kan baie vinnig beweeg en onvoorspelbaar wees.

### A. GEMEENSKAPSVOORBEREIDHEID (VOOR)

- Lei gemeenskapslede op in brandveiligheid (bv. blus van brande, elektriese veiligheid, kookveiligheid, brandweerstasienommer, ontruiming, paraatheid, ens.).
- Ontwikkel 'n gemeenskapsgereedheidsplan.
- Maak seker dat daar ‘n gesinsnoodplan is.
- Verwyder brandbare items langs huise.
- Kry meer as een manier om uit 'n huis te ontsnap (bv. 'n verswakte paneel).
- Hou 'n "grypsak" met dokumente, medisyne en waardevolle items in geval van nood.
- Kry 'n uitgedrukte/gelamineerde bladsy en ander items (bv. sleutelhouers) met noodnommers op.
- Karteer ontruimingsroetes en identifiseer versamelpunte.

### B. WANNEER 'N BRAND BEGIN HET (TYDENS)

- Stel ander inwoners in kennis.
- Kontak die brandweer. Verskaf aanwysings/landmerke.
- As dit veilig is, voer basiese brandbestrydingsaktiwiteite uit deur die volgende te gebruik: emmer brigades, dik komberse en deur wonings ineen te laat stort.
- Trek die mees beskermende klere aan wat jy besit (bv. leer, oorpakke, dik katoen). Vermy sintetiese materiale (bv. nylon).
- Ontruim. Moenie terugkom vir besittings nie.
- Maak toegangsroetes skoon sodat brandweerwaens by die vuur kan uitkom.
- Neem die brandweer na die plek wat brand.
- Stel brandbestryders in kennis indien opvlamming voorkom.
- Beskerm brandbestryders en munisipale agentskappe.
- Indien moontlik, probeer om te sien in watter rigting die vuur beweeg.
- Hou toegang tot brandkrane oop. Help brandbestryders om hulle op te spoor.
- Help ander gemeenskapslede.
- Gehoorsaam enige instruksies van brandbestryders, polisie of munisipale amptenare.

### C. VOORBEREIDING VAN JOU HUIS (TYDENS)

- Ontruim onmiddellik as die vuur naby is. Voer slegs die aktiwiteite hieronder uit as dit veilig is.
- Maak alle deure en vensters toe.
- Plaas gordyne, brandbare muurvoerings en meubels in die middel van 'n vertrek sodat dit nie so maklik aan die brand kan slaan nie.
- Skakel die elektrisiteit en gastoevoer af.
- Indien moontlik, verwyder gassilinders en paraffienbottels.
- Maak seker jou “grypsak” is gereed.
- Raak ontslae van enige brandbare items langs jou huis.



### D. HERSTEL (NA)

- Help beseerde mense.
- Tref herstelreëlings (bv. tydelike skuiling).
- Werk saam met munisipale departemente, Ramprisikobestuur, organisasies en NRO's wat verligting verskaf.
- Indien moontlik, moenie dadelik begin herbou nie.
- Indien moontlik, probeer om huise op 'n meer orderlike manier te bou, met beter pad- en paadjietoegang.
- Gemeenskapsleiers moet help met die tel van die aantal geaffekteerde huise en mense.

# HERBLOKKERING

Herblokkering bied 'n verbeterde gemeenskapsuitleg, wat beter toegang, ontruiming en brandbestrydingsaktiwiteite moontlik sal maak. Daar bestaan egter verskeie uitdagings met hierdie proses wat aangespreek moet word. Die proses is stadig en betrek talle belanghebbendes. Die proses kan duur wees en/of mag dalk nie gemeenskapsondersteuning hê nie. Ook, herblokkering vereis deurlopende monitering om te verhoed dat inwoners hul huise uitbrei na nuutgeskepte paadjies en oop gebiede.

Herblokkering onmiddellik na 'n brand is tipies nie prakties nie. Inwoners wat hul huise verloor het, sal desperaat wees om te herbou en sal dus waarskynlik nie wag vir die beplanning van 'n nuwe uitleg nie.

